6. Die roeping van Moses

Exodus 1 - 5

God bewaar sy volk

Israel se ellende gaan nie ongesiens by God verby nie. Hy sien hoe die Egiptenaars sy volk verdruk en stuur Moses om hulle te verlos. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- God sien die ellende van sy volk.
- God red Moses as klein seuntjie en berei hom voor vir sy latere roeping.
- God doen wat Hy beloof het.

Verdrukking in Egipte

In Egipte gaan dit goed met Jakob se nageslag, die Israeliete. Die Here seën hulle, want Hy wil hê dat hulle 'n groot volk word. Die Egiptenaars hou hulle eenkant, en daarom is die gevaar in Egipte nie so groot dat die Israeliete met heidense meisies sal vermeng en hul godsdiens prysgee nie. Terwyl Josef nog leef, gaan dit goed, maar toe hy sterf, kom 'n nuwe koning aan bewind. Hy is bang vir die Israeliete en wil daarom hulle getalle beperk. Die nuwe Farao verdruk die Israeliete deur hulle swaar werk te laat verrig. Hulle is verplig om stene te maak en twee nuwe voorraadstede, Pitom en Raämses, te bou. Hy dink baie Israeliete sal sterf as gevolg van die swaar werk. Maar hoe harder hulle moet werk, hoe meer word hulle.

Farao beraam nou 'n nuwe plan. Hy gee opdrag aan twee Hebreeuse vroedvroue, Sifra en Pua, om al die Israelitiese seuntjies dadelik by geboorte om die lewe te bring. Die vroedvroue vrees God en wil hulle nie aan moord skuldig maak nie. Hulle sê aan Farao dat hulle sy opdrag nie kan uitvoer nie. Teen die tyd dat hulle opdaag om die vroue te help, is die babas al gebore. Toe hierdie plan van Farao nie werk nie, gee hy opdrag om al die Israelitiese seuntjies by geboorte in die Nyl te gooi, sodat hulle sal verdrink.

Farao tree op as handlanger van die duiwel. Noudat daar 'n volk uit die aartsvaders ontstaan het, rig die duiwel sy aanval op dié volk. Satan wil Israel uitroei om te voorkom dat God se belofte aan Abraham in vervulling gaan.[21] God sorg dat die duiwel se plan nie slaag nie deur 'n man te voorsien wat Israel sal verlos. Moses sal die volk uit Egipte uitlei om in 'n verbondsverhouding met God te staan. Eeue later sou Satan weer probeer om Christus se verlossingswerk te keer deur seuntjies te laat vermoor.[22]

Die geboorte van Moses

Naby Farao se paleis woon Amram en sy vrou Jogebed. Hulle is albei afstammelinge van Levi. Jogebed skenk geboorte aan 'n mooi seuntjie. Dit is nie hul eerste seun nie, sy broer Aäron is drie jaar ouer. Amram en Jogebed sien nie kans om hul baba in die Nyl te gooi nie en hulle steek hom vir drie maande lank weg. Daarna raak hy te groot om weg te steek en Jogebed maak 'n plan. Sy vleg 'n mandjie van biesies, maak dit waterdig met leemgrond en pik en sit hom daarin. Sy sit die mandjie tussen die papirusplante aan die kant van die Nyl. Die plante moet keer dat die mandjie wegdryf. Moses se sussie, Mirjam, skuil naby om te kyk wat met hom gebeur.

God red Moses! Farao se dogter gaan bad in die Nyl. Sy sien die mandjie en stuur haar slavin om dit te gaan haal. In die mandjie lê 'n baba en huil. Sy begryp dadelik wat aangaan. "Dit is een van die kinders van die Hebreërs," sê sy. Mirjam vra vir die prinses of sy vir die seuntjie 'n pleegmoeder moet kry. Farao se dogter dink dit is 'n goeie idee as Mirjam vir Jogebed gaan roep om met haar te gesels. Die prinses vra vir Jogebed om vir die seuntjie te sorg tot hy groter is. Sy sal haar daarvoor vergoed.

Toe die seuntjie van Amram en Jogebed drie jaar oud is, bring Jogebed hom na die prinses. Sy neem hom aan as haar eie seun en noem hom Moses. Moses beteken "trek", want die prinses het gesê: "Ek het hom mos uit die water getrek." Moses groei op in die paleis van Farao. As 'n Egiptiese prins word hy onderrig en opgevoed deur Egiptiese onderwysers. Deur die Here

---

21 Gen. 28: 14 en jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde, en jy sal uitbrei na die weste en ooste, en na die noorde en suide; en in jou en jou nageslag sal al die geslagte van die aarde geseën word.

22 Matt. 2: 16 Toe Herodes sien dat hy deur die wyse manne mislei was, het hy baie woedend geword en gestuur en in Betlehem en in al die omstreke daarvan al die seuntjies van twee jaar en daaronder laat ombring, ooreenkomstig die tyd wat hy van die wyse manne uitgevra het.

se genade word hy toegerus vir sy toekomstige taak.[23] Hy het al by sy ouers geleer om die ware God te dien. Die Here bly hom bewaar.

Moses in Midian

Op 'n dag, Moses was toe veertig jaar oud, gaan kyk hy hoe swaar die Israeliete moet werk. Hy sien hoe 'n Egiptenaar 'n Israeliet mishandel. Moses word baie kwaad. Hy kyk gou of niemand hom sien nie, slaan die Egiptenaar dood en begrawe hom net daar in die sand.

Die volgende dag gaan Moses weer kyk hoe swaar die Israeliete kry. Dié keer sien hy hoe twee Hebreeuse manne met mekaar baklei. Hy stel vas wie die skuldige is en vra vir hom: "Waarom slaan jy jou naaste?" Die man dink dat Moses meerderwaardig optree deur homself as regter en leier oor hulle aan te stel. Moses beskik reeds oor die nodige eienskappe om leiding te gee, maar hy het nog nie die bevoegdheid van God ontvang om dit te doen nie. Hy wil sy volk verlos, maar hulle het dit nie verstaan nie.[24] Die tyd wat God bepaal het vir Israel se verlossing het nog nie aangebreek nie.

Die vraag wat die Israeliet aan Moses vra, is geldig: "Wie het jou as owerste en regter oor ons aangestel?" Verder sê die man: "Dink jy om my dood te slaan soos jy die Egiptenaar omgebring het?" Moses skrik. Almal weet nou van die Egiptenaar wat hy vermoor het! Farao hoor ook wat gebeur het en wil Moses om die lewe bring, maar Moses het reeds na Midian gevlug.

Moses se verblyf in Midian

Toe Moses in Midian aankom, gaan hy by 'n waterput sit om te rus. Hy sien sewe meisies wat vir hul vee water wil gee. Onbeskofte veewagters daag op en wil die meisies wegjaag. Moses verdryf die wagters en help die meisies om water te skep. Tuis vertel die sussies aan hul pa Jetro (ook Réhuel genoem) wat by die put gebeur het. Jetro beveel sy dogters om Moses vir ete te nooi. Moses verneem dat Jetro 'n priester is en hy besluit om 'n tyd lank by hulle te woon. Jetro is net soos Moses 'n afstammeling van Abraham. Midian is die stamvader van die Midianiete, die volk waaraan Jetro ook behoort. Midian is die derde seun van Abraham by sy tweede

23 Hand. 7: 22 En Moses is opgelei in al die wysheid van die Egiptenaars en was magtig in woorde en dade.

24 Hand. 7: 25 En hy het gedink dat sy broers sou verstaan dat God hulle deur sy hand redding sou gee; maar hulle het dit nie verstaan nie.

vrou, Ketura.[25] Moses besluit om by Jetro te werk en trou later met sy oudste dogter, Sippora. Sy oudste seun noem hy Gersom, wat "'n vreemdeling daar" beteken.

Moses woon al 40 jaar lank in Midian. Die Farao wat hom wou doodmaak, het reeds gesterf, maar die verdrukking van die Israeliete in Egipte duur voort. Hul omstandighede is so swaar dat hulle voortdurend daaroor kerm en kla. God hoor dit en dink aan sy verbond met Abraham, Isak en Jakob. God ken sy volk en sien die ellende waarin hulle verkeer. Die verlossing is nou naby.

Die Here stuur Moses om Israel te verlos

Terwyl Moses sy skoonpa se skape by die berg Horeb oppas, sien hy 'n buitengewone verskynsel. Die berg Horeb (of Sinai) word deur die geskiedskrywer "die berg van God" genoem, omdat hy weet wat daar in die toekoms gaan gebeur.[26] Nie ver van hom af nie is 'n doringbos aan die brand. Wat dit meer besonders maak, is die feit dat die bos nie uitbrand nie. Moses stap nader om ondersoek in te stel. Dan hoor hy 'n stem uit die doringbos wat hom waarsku om sy skoene uit te trek, want hy staan op heilige grond. Dit is die stem van God. God maak Hom aan Moses bekend as: "Die God van jou vader, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob". Deur Homself só aan Moses bekend te stel, trek God 'n verbindingslyn van die verlede na die hede toe.

Verskrik maak Moses sy gesig toe. Die Here sê vir Moses dat Hy die gekerm van sy verdrukte volk in Egipte gehoor het. God gee aan Moses die opdrag om na Egipte te gaan en sy volk na die land Kanaan te lei. Hy moet aan die oudstes van Israel vertel dat die Here hom gestuur het om hulle te verlos. Moses het allerlei besware. Hy voel te gering om na Farao te gaan en ook om die Israeliete uit Egipte te lei. God stel hom gerus. Hy hoef nie bang vir die nuwe koning te wees nie, want God sal met hom wees. Hy gee aan Moses die versekering dat Israel die Here nog op hierdie selfde berg sal dien.

---

25 Gen. 25: 1 en 2 En Abraham het weer 'n vrou geneem met die naam van Ketura. En sy het vir hom Simran en Joksan en Medan en Mídian en Jisbak en Suag gebaar.

26 1 Kon. 19: 8 Hy het toe opgestaan en geëet en gedrink en deur die krag van die voedsel veertig dae en veertig nagte lank geloop tot by die berg van God, Horeb.

Moses se verdere besware teen sy opdrag

Moses is steeds beswaard. Hy verwag dat die Israeliete hom sal vra wie hom gestuur het en hy weet nie of die "God van die vaders" vir hulle 'n bevredigende antwoord sal wees nie. Die volk het in Egipte tot afgodery verval[27] en sal dalk nie meer die God van die vaders ken nie. Moses wil weet hoe hy moet antwoord as hulle hom vra wie hom gestuur het. Hy self weet nie wat God se Naam is nie. God sê aan Moses: "Ek is wat Ek is." Dit is die eerste keer wat die Here Homself met hierdie naam bekend maak. Jesus sou eeue later in sy "Ek is"- uitsprake hierby aansluit.

God gee aan Moses die opdrag om Hom by die Israeliete as "die Here, die God van julle vaders" bekend te stel. Nou het Moses tog besware. Sê nou die Israeliete wil hom nie glo nie, wat dan? Moses ontvang drie tekens om hulle te oortuig. "Gooi jou staf op die grond," sê die Here. Toe Moses dit doen, verander sy staf dadelik in 'n slang. Moses wil vlug, maar op God se bevel gryp hy die slang aan die stert en dit verander weer in sy staf. Daarna moet hy sy hand by sy bors insteek. Toe hy dit uittrek, is sy hand melaats. Op God se bevel steek hy sy hand weer by sy bors in en toe hy dit terugtrek, is sy hand gesond. As hulle hierdie twee tekens nie wil glo nie, moet hy water uit die Nyl skep en op die grond uitgooi. Die water sal dadelik in bloed verander.

Moses het 'n nuwe beswaar. Reeds van jongs af sukkel hy om te praat. Die Here wys hom daarop dat Hy die Een is wat aan mense die vermoë gee om te praat. As Moses dan nog teëstribbel, word die Here kwaad vir Moses se onwilligheid om sy opdrag uit te voer. Moses moet sy broer Aäron saamneem om namens hom te praat. God beloof dat Hy met hulle sal wees en hulle sal wys wat om te doen.

Saam met die oudstes van die volk moet Moses na Farao gaan en sê dat die Israeliete in die woestyn vir die Here wil gaan offer. Hulle moet Farao om sy toestemming vra. Dit is 'n billike versoek, maar die Here weet dat Farao die versoek sal weier. Dan sal die Here Egipte met sy plae teister en daarna sal Farao hulle laat trek. Wat Moses 40 jaar tevore op eie houtjie wou bereik, sal God nou doen. Nie Moses nie, maar God sal Israel verlos.

---

27 Eseg. 20: 7 En Ek het aan hulle gesê: Gooi weg, elkeen die verfoeisels van sy oë, en verontreinig julle nie met die drekgode van Egipte nie: Ek is die HERE julle God.

Moses gaan terug na Egipte

Moses bespreek die gebeure met sy skoonpa, Jetro, en vertrek dan met sy vrou en twee seuns (hulle het intussen 'n tweede seun, Eliëser, ontvang) na Egipte. Langs die pad word Moses ernstig siek. Dit gebeur omdat Moses nog nie vir Eliëser besny het soos God dit vereis nie. Sippora neem 'n skerp klip en besny Eliëser daarmee. Daardeur red sy Moses se lewe aangesien God net binne die verbond gedien kan word.

Waarskynlik het Moses na die gebeure besluit om sy vrou en seuns terug te stuur na sy skoonpa toe. Moses reis gevolglik alleen verder. Die Here het hom in Midian verseker dat almal in Egipte wat hom wou doodmaak, reeds oorlede is. Hy hoef dus nie bang te wees nie. Tog weet Moses dat Farao nie na hom sal luister nie. Die Here het hom daarop voorberei dat Farao sy hart sal verhard en sal weier dat die volk trek.

God gee aan Aäron die opdrag dat hy Moses tegemoet moet gaan. Die twee broers ontmoet mekaar in die woestyn by die berg Horeb. Hulle is bly om mekaar na 40 jaar weer te sien. Moses vertel aan Aäron van die opdrag wat hy ontvang het en saam vertrek hulle na Egipte.

Die eerste ontmoeting met Farao

Toe Moses en Aäron in Egipte kom, roep hulle dadelik die oudstes van Israel bymekaar en vertel hulle van die opdrag wat Moses ontvang het. Moses wys vir hulle die wondertekens wat die Here by Horeb aan hom getoon het, en almal glo dat Moses deur God gestuur is om die volk uit Egipte te kom verlos. Die volgende stap is om met Farao te gaan praat. Hulle vertel aan Farao dat God wil hê Israel moet trek om vir Hom 'n fees in die woestyn te gaan hou. Soos Moses verwag het, weier Farao beslis. Hy ken nie die Here nie en hy sal ook nie die volk laat trek nie.

Moses en Aäron vra hom mooi om tog maar toe te laat dat die volk net drie dagreise ver in die woestyn kan trek om vir die Here te offer. Dan sal die straf van die Here hom nie tref nie. Farao bly weier. In plaas daarvan om na Moses en Aäron se billike versoek te luister, verwyt hy hulle dat hulle die volk se aandag van hul werk aftrek. Farao jaag hulle weg en maak die werk nog swaarder. Tot dusver het die Egiptenaars die strooi verskaf wat die Israeliete met die klei meng om stene mee te maak. Nou moet hulle self die strooi in die hande kry en nog steeds dieselfde aantal stene lewer. Die las word te swaar vir die werkers.

Hulle voormanne gaan bekla hul lot by Farao, maar hy het geen genade nie. Die Israeliete is baie kwaad vir Moses en Aäron. Hulle verwyt die twee broers dat dit alles hul skuld is dat hulle so swaar moet ly.

Moses voel bitter ongelukkig. Hy wil by die Here weet waarom Hy hom na Egipte laat kom het. In plaas daarvan dat God die volk verlos, word hulle nou meer mishandel. Die Here bemoedig hom: "Nou sal jy sien wat Ek Farao sal aandoen." Moses moet die volk gaan moed inpraat en hulle die versekering gee dat die Here sy verbond met Abraham, Isak en Jakob sal hou. Die Here sal hulle verlos en bring na die land wat Hy aan hulle voorvaders beloof het. Die volk wil egter niks van Moses weet nie. Toe die Here hom beveel om met Farao te gaan praat, antwoord hy moedeloos dat Farao nie na hom sal luister nie. Israel luister dan nie eers nie.

Aanbevole leesstukke

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 186 – 193 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 93 – 98 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 137 – 147 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 191 – 208 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 1: Genesis – Josua. Pretoria: DBU. 77 – 80 p.